

# LORD KITCHENER EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902): 'N EVALUERINGS VAN SY OPPERBEVELHEBBERSKAP

André Wessels<sup>1</sup>

## *Abstract*

*The purpose of this study (which is primarily based on archival sources) is to provide a critical reappraisal of the work done by Lord Kitchener as commander-in-chief of the British forces during the Anglo-Boer War (1899-1902). From the study it is clear that Kitchener was a remarkable, albeit complicated and controversial military officer who left an enduring legacy in South Africa, as is the case in Sudan and to some extent in India. When he took over from Lord Roberts as supreme commander in South Africa at the end of November 1900, the war against the Boers was supposed to have been almost over, but in practice the conflict soon escalated both geographically and in intensity. Kitchener had no other option but to expand the scorched earth policy (which was started by Roberts), with very negative consequences for both the white and black civilians in the war zone. Eventually Kitchener was ruthlessly successful; and during the peace negotiations with Boer delegates at Pretoria, he proved to be an excellent negotiator and diplomat.*

## 1. INLEIDING

Op die rand van 'n krans by Marwick Head, aan die verre windverwaaide weskus van Brittanje se Orkney-hoofeiland, staan 'n reuse kliptoring bekend as die Kitchener Memorial.<sup>2</sup> Hierdie indrukwekkende gedenkteken is opgerig ter ere van lord Kitchener van Khartoem wat daar naby ter see gesterf het – presies 16 jaar nadat hy en lord Roberts Pretoria triomfantelik binnegeery het. Waar kom Kitchener se verbintenis met Khartoem (in die Soedan) vandaan en wat het hom van daar na Pretoria (in Suid-Afrika<sup>3</sup>) gebring, en uiteindelik tot by sy watergraf noord van die Skotse vasteland? Net meer as 100 jaar na afloop van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en net minder as 100 jaar na Kitchener se dood (1916), is dit die doel van hierdie studie om, vanuit die standpunt dat Kitchener 'n komplekse, enigmatiese en omstrede historiese figuur was, 'n kort kritiese oorsig van sy oënskynlik besonder suksesvolle militêre loopbaan te verskaf, met spesiale verwysing na sy opperbevelhebberskap tydens die Anglo-Boereoorlog. Hoekom is hy na Suid-Afrika gestuur? Wat was sy rol onder leiding van Roberts? Hoe verskil sy opperbevelhebberskap (1900-1902) van dié van

<sup>1</sup> Senior Professor, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein: E-pos: wesselsa.hum@ufs.ac.za

<sup>2</sup> Persoonlike waarnemings deur die outeur n.a.v. 'n besoek, 4 Junie 2004.

<sup>3</sup> In hierdie artikel word die term "Suid-Afrika" deurgaans in die geografiese sin van die woord gebruik.

Roberts (1899-1900)? Het Kitchener werklik die oorlog militêr gesproke gewen of is dit eerder 'n geval dat die Boere hul stryd om die behoud van hul vryheid verloor het? Wat presies was sy rol tydens die vredesamesprekings? Dit is van die vrae wat in hierdie studie (wat grootliks op argivale navorsing berus) aangespreek sal word.<sup>4</sup>

## 2. HISTORIESE AGTERGROND

Horatio Herbert Kitchener is op 24 Junie 1850 naby Listowel in die suidelike Ierse graafskap Kerry (vandag in die Republiek van Ierland) gebore, die seun van 'n leëroffisier genaamd Henry Horatio Kitchener (gebore in 1805 en vernoem na die befaamde admiraal Horatio Nelson wat in dié jaar te Trafalgar dodelik gewond is). Die jong Herbert was skeel en sy oë swak, gevolglik was hy nie goed in sport nie en hy was baie skaam van geardeid. In 1863 het die Kitcheners na Switserland verhuis in die hoop dat dit die sieklike mev. Kitchener se gesondheid sou goed doen, maar sy is in 1864 oorlede. In Switserland het Herbert geleer om Frans te verstaan en vlot te skryf en praat. In Februarie 1868 het Herbert tot die Royal Military Academy te Woolwich toegetree, aan die einde van 1870 het hy vir 'n paar dae aan die Franse kant in die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871) diens gedoen en op 4 Januarie 1871 het hy sy kommissie as luitenant in die Royal Engineers ontvang.<sup>5</sup>

Nadat hy aanvanklik vredestrydse werk (hoofsaaklik opmetingswerk) in Palestina (vandag Israel) en op Ciprus gedoen het, het Kitchener in 1882 aan die veldtog teen Arabi Pasha in Egipte deelgeneem en vervolgens ook aan die onsuksesvolle veldtog in die Soedan (1884-1885) om genl.-maj. Charles Gordon en dié se mag te probeer red. In 1886 is Kitchener as goewerneur-generaal van Oos-Soedan en die Rooi See-kusgebied aangestel, waar hy gereeld 'n stryd teen die plaaslike Dervishes gevoer het (en in een van talle gevegte ernstig aan sy onder-regterkakebeen gewond is – máár volkome herstel het). In 1888 het hy adjudant-generaal van die Egiptiese

<sup>4</sup> Baie van die argivale bronne waarna in hierdie artikel verwys word, is briewe en ander dokumente wat volledig gepubliseer is in A Wessels (red.), *Lord Kitchener and the war in South Africa 1899-1902* (Stroud, 2006). Hierdie artikel se inhoud oorvleuel gevolglik ook in 'n groot mate met genoemde bronnepublikasie. Die personeel van onder meer die volgende instansies word vir hul hulp bedank: die National Army Museum (Londen), The National Archives (Kew), die British Library (Londen), die Liddell Hart Centre for Military Archives (Londen), die Royal Archives (Windsor), en die Sasol-biblioteek van die Universiteit van die Vrystaat, asook Julian Fellowes, Emma Kitchener-Fellowes en die huidige (2009) (derde) graaf Kitchener.

<sup>5</sup> Die basiese biografiese besonderhede wat in onderafdeling 2 vermeld word, is ontleen aan die volgende biografieë: H de Wetteville, *Lord Kitchener* (Londen, 1938); G Arthur, *Life of Lord Kitchener* 1 (Londen 1920); E Protheroe, *Lord Kitchener* (3de uitgawe, Londen, 1920); T Royle, *The Kitchener enigma* (Londen, 1985); P Magnus, *Kitchener portrait of an imperialist* (Londen, 1961); ES Grew *et al.*, *Field-Marshal Lord Kitchener his life and work for the Empire* 1 (Londen, 1917); CR Ballard, *Kitchener* (Londen, s.a.); FW Hackwood, *The life of Lord Kitchener* (Londen, s.a.); A Hodges, *Lord Kitchener* (Londen, 1936); P Warner, *Kitchener the man behind the legend* (Londen, 1985); asook die biografiese artikels in die *Dictionary of National Biography 1912-1921* (hierna vermeld as *DNB*) (Londen, 1953) en die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (hierna vermeld as *SABW*) 2 (Kaapstad, 1972).

leër geword, in welke hoedanigheid hy in 1889 weer teen die Dervishes geveg het. In 1892 het hy Sirdar (opperbevelhebber) van die Egiptiese leër geword en begin om vir 'n vergeldingsveldtog teen die Mahdi en sy Dervishes voor te berei. Dié veldtog het in 1896 'n aanvang geneem. Kitchener – wat op 25 September 1896 tot generaal-majoor bevorder is – het oorwinnings te Firket (7 Junie 1896) en Atbara (8 April 1898) behaal, maar sy grootste sege was dié te Omdurman (2 September 1898) waar sy leër (8 200 Britse en 17 600 Egiptiese soldate) die Dervish-leër (ongeveer 50 000 krygers) verpletterend verslaan het: ongeveer 11 000 Dervishes is dood en 5 000 gevang, terwyl van Kitchener se leër slegs ongeveer 50 dood en 400 gewond is. Twee dae later het hy Khartoem binnegeery.<sup>6</sup>

Vervolgens het Kitchener met 'n klein begeleidingsmag na Fashoda gehaas om suksesvol met die Franse maj. Jean-Baptiste Marchard te onderhandel en sodoende 'n potensieële botsing tussen die Britse en Franse koloniale belange vreedsaam te besleg. (Later, in Suid-Afrika, sou Kitchener se vermoë as diplomaat die Britte weer handig te pas kom.) Hierna het Kitchener triomfantelik na Brittanje teruggekeer waar hy as baron Kitchener van Khartoem (populêr in Engels na verwys as “K of K”) tot die adelstand verhef is, £30 000 (vandag, 2009, ongeveer £900 000 oftewel ongeveer R15 000 000 werd!) van die Britse parlement ontvang het, asook talle ander eerbewyse. Aan die begin van 1899 het Kitchener as goewerneur-generaal na die Soedan teruggekeer en die onderwerping van dié gebied aan Britse gesag suksesvol voltooi.<sup>7</sup>

Op 18 Desember 1899 het Kitchener berig ontvang dat hy as lord Roberts se stafhoof in die stryd teen die Boere aangestel is. Teen dié tyd het Kitchener homself reeds as vooraanstaande krygsman gevestig, al was hy bekend as 'n goeie improviseerder eerder as tradisionele bevelvoerder-te-velde. Hy het ook gewoonlik die meeste van die vegwerk aan ondergskiktes oorgelaat. In Suid-Afrika sou sy vermoëns weldra tot die uiterste beproef word.

### 3. STAFHOOF IN SUID-AFRIKA, JANUARIE-NOVEMBER 1900

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 het die Britse magte in Suid-Afrika hulle in 'n baie moeilike situasie bevind, maar die Boere het nie hul aanvanklike getaloorwig uitgebuit nie, 'n verdedigende strategie gevolg<sup>8</sup> en die Britte toegelaat om ongehinderd versterkings aan land te bring, te ontplooi en

<sup>6</sup> Vir meer besonderhede i.v.m. die veldtog in die Soedan en die slag te Omdurman, kyk bv. J Pollock, *Kitchener the road to Omdurman* (Londen, 1998); P Ziegler, *Omdurman* (Londen, 1973); B Burleigh, *Sirdar and Khalifa or the re-conquest of the Soudan* (Londen, 1899).

<sup>7</sup> Arthur I, pp. 246-263; Pollock, pp. 144-151; *DNB*, p. 309.

<sup>8</sup> Vir die aard van en redes vir die Boere se strategie, kyk A Wessels, "Die Boere se strategie aan die begin van die Anglo-Boereoorlog, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 29 (3 & 4), September & Desember 1999, pp. 227-242.

tot aksie oor te gaan. Generaal Redvers Buller se offensief het egter op drie neerlae tydens die sogenaamde “Black Week” uitgeloop<sup>9</sup> en die Britse regering het besluit om vir lord Roberts in sy plek as opperbevelhebber in Suid-Afrika aan te stel.<sup>10</sup> Ten einde vrese dat die 67-jarige Roberts te oud was om te velde bevel te voer, te besweer, is besluit om die 49-jarige Kitchener as sy stafhoof aan te stel. In die praktyk was die rol wat hy vervul het egter eerder dié van Roberts se “understudy” en “not exactly those of either Chief of the Staff, or of a ‘Second in Command’”.<sup>11</sup>

Kitchener het besonder geëerd gevoel om na Suid-Afrika gestuur te word en het daarna uitgesien om onder die befaamde Roberts van Kandahar te dien.<sup>12</sup> Soos Kitchener dit aan sy koningin gestel het: “It gives Lord Kitchener the greatest pleasure to serve under Lord Roberts for whom he has the highest admiration.”<sup>13</sup> Roberts en Kitchener het slegs een keer tevore ontmoet, naamlik in Ierland in die somer van 1899, en reeds by dié geleentheid het Kitchener aangedui dat hy bereid was om onder Roberts te dien.<sup>14</sup> Die tenger Roberts en imposante lange Kitchener het nie net fisies ’n kontras gevorm nie – hulle het ook radikaal verskillende persoonlikhede gehad. Nogtans het hulle besonder goed oor die weg gekom, ’n gedugte span gevorm en mekaar merkwaardig goed aangevul.<sup>15</sup>

Onderweg na Suid-Afrika het Roberts en Kitchener en hul staf die veldtog wat voorgelê het baie goed beplan. Nadat hulle in Kaapstad voet aan wal gesit het (Woensdag 10 Januarie 1900) was Roberts se eerste doelstelling om die Britse posisies aan alle fronte te konsolideer en die logistieke voorbereidings vir sy offensief so spoedig moontlik te tref. Kitchener was hom besonder behulpsaam wat betref vervoerreeëlings en die daarstel van meer berede infanterie-eenhede. Op 6 Februarie het Roberts en Kitchener per trein uit Kaapstad vertrek en twee dae later by hul operasionele basis aan die Modderrivier aangekom. Dáár is ten minste 49 500 soldate en 100 kanonne saamgetrek en op Sondag 11 Februarie 1900 het Roberts, met Kitchener by hom, sy omvangryke indirekte strategie van daar af van stapel gestuur: suidwaarts na Enslinastie, toe ooswaarts via Ramdam na Watervalsdrif en De Kielsdrif aan die

<sup>9</sup> Vir meer besonderhede i.v.m. die Buller-offensief, kyk bv. LS Amery (red.), *The Times history of war in South Africa 1899-1902* 2 (Londen, 1902), pp. 320-467; JH Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 2 (Pretoria, 1978), pp. 1-359.

<sup>10</sup> Vir Roberts se aanstelling en rol tydens die stryd in Suid-Afrika, kyk bv. A Wessels (red.), *Lord Roberts and the war in South Africa 1899-1902* (Stroud, 2000).

<sup>11</sup> Liddell Hart Centre for Military Archives (LHCMA, Londen), Hamilton 13/21: Mnr. Neville Chamberlain – genl. Ian Hamilton, 2 Mei 1918 (brief).

<sup>12</sup> JF Maurice (red.), *History of the war in South Africa 1899-1902* 1 (Londen, 1906), p. 381; *SABW* 2, pp. 374, 615; T Pakenham, *The Boer War* (Londen, 1979), pp. 242-245.

<sup>13</sup> Royal Archives (RA, Windsor), VIC/P4/221: Lord Kitchener – koningin Victoria, 28 Desember 1899 (brief).

<sup>14</sup> British Library (BL, Londen), Manuscript (MS) Room, Balfour Papers, Add 49727: Lord Balfour – lord Lansdowne, 17 Desember 1899 (brief); P Trew, *The Boer War generals* (Johannesburg, 1999), p. 98.

<sup>15</sup> *SABW* 2, p. 615; Pakenham, pp. 242-245; Maurice (red.) 1, p. 381.

Modderrivier, en toe ooswaarts al langs dié rivier tot by Paardeberg, waar genl. Piet Cronjé se leër op 17 Februarie deur die Britte omsingel is.<sup>16</sup>

Toe Cronjé te Paardeberg omsingel is, was Roberts as gevolg van 'n verkoue siek te Jacobsdal en was Kitchener te velde in bevel van die Britse magte. Talle Boerekommando's was onderweg om Cronjé te probeer ontset en daar was ook die moontlikheid dat Cronjé sou probeer uitbreek. Kitchener het gevolglik – nadat hy die Boerelaer 'n rukkie gebombardeer het – versigtigheid (en die duur lesse wat die Britte tot dusver in die stryd teen die Boere (moes) geleer het) oorboord gegooi en die goed-ingegraafde Boerestellings op 18 Februarie oor die oop vlaktes deur infanteriste laat bestorm. Sy ondergeskiktes was nie almal entoesiasies oor die aanslag nie en die aanvalle is ongekoördineerd uitgevoer – die gevolg was 'n ramp vir die Britte, en in besonder vir Kitchener. Die aanvalle is oral teruggeslaan, soos ook pogings later die dag om die Boerelaer stormenderhand te verower. Britse ongevallen het ten minste 303 dood, 906 gewond en 61 gevang beloop; die meeste op enige dag tydens die oorlog. (Kitchener se gesneuweldes tydens die veldtog as geheel in die Soedan, 1896-1898, het op slegs ongeveer 260 te staan gekom.) Aan Boerekant is nie meer as 70 dood en gewond nie.<sup>17</sup>

Dit was die eerste keer dat Kitchener teen blankes geveg het; die taktiek wat hy teen die Dervishes te Omdurman en elders in die Soedan gebruik het, het nie teen Boere, wat uitstekende skerpskutters was, en boonop vanuit goeie verdedigingsstellings geveg het, gewerk nie. Kitchener, wat nog nooit tevore 'n veldslag verloor het nie, was om verstaanbare redes briesend kwaad. Om alles te kroon, is hy daarvan beskuldig dat hy nie goed na sy gewondes omgesien het nie<sup>18</sup> – iets wat hy ontken het.<sup>19</sup> Nadat Roberts die oggend van 19 Februarie by Paardeberg opgedaag het, het hy die Britte se posisie gekonsolideer, die Boerelaer vir dae lank gebombardeer en Cronjé genoop om op 27 Februarie met meer as 4 000 man oor te gee. Maar in daardie stadium was Kitchener nie meer te Paardeberg nie: Roberts het hom op 22 Februarie na Noupoot gestuur om die spoorverbinding vanuit die Kaapkolonie na Bloemfontein vir die Britte oop te hou.<sup>20</sup> Hoewel daar geen klinkklare getuienis in dié verband bestaan nie, kan die moontlikheid dat Roberts vir Kitchener vanaf Paardeberg wou wegkry op grond van wat op 18 Februarie gebeur het, nie heeltemal ignoreer word nie. Feit van die saak is: hy het Kitchener nooit weer in bevel van 'n voorafbeplande veldslagsituasie geplaas nie.

<sup>16</sup> Wat Roberts/Kitchener se opmars vanaf die Modderrivier tot by Paardeberg betref, kyk bv. Breytenbach 4 (Pretoria, 1984), pp. 204-231; Amery (red.) 3 (Londen, 1905), pp. 379-419; Maurice (red.) 2 (Londen, 1907), pp. 1-38, 73-105.

<sup>17</sup> Breytenbach 4, pp. 286-323; Amery (red.) 3, pp. 422-453; Arthur 1, pp. 282-291; Pollock, pp. 178-179; Magnus, pp. 164-169; Grew et al. 2 (Londen, 1916), pp. 90-96.

<sup>18</sup> BL, MS Room, 5th Lord Lansdowne Papers: Mnr. St J Brodrick – lord Lansdowne, 3 Junie 1900 (brief).

<sup>19</sup> RA, VIC/P8/123: Lord Kitchener – koningin Victoria, 26 April 1900 (brief).

<sup>20</sup> De Watteville, pp. 69-70; Trew, p. 108.

Vanaf Noupoot is Kitchener na De Aar en toe terug na Paardeberg. Daarvandaan het hy – nou weer aan Roberts se sy – die Britse opmars na Poplar Grove meegemaak, maar die hoofleër weer eens op 8 Maart verlaat en na die Noordwes-Kaap gegaan om aan die hoof van ’n kolonne te staan wat die rebellie in dié omgewing moes onderdruk. Kitchener se mag het Prieska op 18 Maart ingeneem en op 28 Maart het hy by Roberts in Bloemfontein (wat op 13 Maart deur die Britte beset is) aangesluit.<sup>21</sup>

Intussen het die Boere, na aanleiding van hul Kroonstad-krygsraadbesluite van 17 Maart 1900, tot guerrilla-oorlogvoering oorgegaan, en op 31 Maart die eerste guerrilla-sukses van die konflik by Sannaspos behaal.<sup>22</sup> Voortaan het die Britte hul toenemend in wat – by wyse van terugskouing – as ’n Viëtnam- of Irak-situasie tipeer kan word, bevind. As gevolg van ’n ingewandskoors-epidemie wat sy leër geteister het, was Roberts verplig om vir sewe weke in Bloemfontein te vertoef. Op 3 Mei 1900 het hy sy opmars voortgesit: nou noordwaarts, al langs die hoofspoorlyn. Vir die duur van die opmars vanaf Bloemfontein tot in Pretoria, was Kitchener deurgaans aan Roberts se sy. Die opmars het sonder veel weerstand van die kant van die Boere, en dus besonder vinnig, verloop. Die Britte was egter nie in staat om alle Boerekommando’s voor hul uit te dryf nie, wat nog daarvan om hulle tot slag te bring en te verslaan; trouens, sommige kommando’s het suidwaarts teruggetrek om die stryd in die rug van die Britse hoofmag voort te sit. Nadat die Vaalrivier op 28 Mei bereik (en die Vrystaatse Republiek as die Oranjerivierkolonie, ORK, geannekseer) is, is Johannesburg drie later sonder teenstand beset, en so ook Pretoria op 5 Junie 1900.<sup>23</sup>

Met beide republikeinse hoofstede in Britse hande, was die Britte van mening dat die oorlog nou so te sê iets van die verlede was,<sup>24</sup> maar in die praktyk was die guerrilla-oorlog aan ’t eskaleer. Roberts het aanvanklik nie die gevare verbonde aan guerrilla-oorlogvoering besef nie en het die strategiese momentum verloor. Toe dit blyk dat die Boereleërs nie sou inkom om oor te gee nie, was Roberts verplig om ’n veldtog ooswaarts, al langs die Delagoabaai-spoorlyn, van stapel te stuur.<sup>25</sup> En om ’n einde aan die guerrilla-aktiwiteite in die ORK te probeer maak, het Roberts vir Kitchener op 7 Junie 1900 suidwaarts gestuur; in besonder om genl. Christiaan de

<sup>21</sup> RA, VIC/P7/242: Lord Kitchener – koningin Victoria, 30 Maart 1900 (brief); Amery (red.) 3, pp. 79, 492-494, 570, 594 en 4 (Londen, 1906), pp. 2-6; Arthur 1, pp. 299-301; Trew, pp. 108-109.

<sup>22</sup> JE Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop* (Pretoria, 1980), pp. 5-30; Breytenbach 5 (Pretoria, 1983), pp. 196-225; Maurice (red.) 2, pp. 274-299; Amery (red.) 4 (Londen, 1906), pp. 29-50.

<sup>23</sup> Breytenbach 5, pp. 413-549; Amery (red.) 4, pp. 77-164; *History of the war in South Africa 1899-1902* 3 (Londen, 1909), pp. 75-101. Kyk ook The National Archives (TNA, Kew), PRO30/57/16/R6 en R26: Koningin Victoria – lord Kitchener, 8 Junie 1900 (oorspronklike brief, R6, en kopie, R26).

<sup>24</sup> BL, MS Room, Lansdowne Papers, (5)48: Lord Roberts – lord Lansdowne, 7 Junie 1900 (brief).

<sup>25</sup> Breytenbach 6 (Pretoria, 1996), pp. 174-207; Amery (red.) 4, pp. 269-296.

Wet te verslaan. Kitchener het oor die herstel van die hoofspoorlyn toesig gehou, maar kon nie vir De Wet vaskeer nie. Onderweg terug na Pretoria, was Kitchener se trein die nag van 12-13 Junie te Heilbronweg (vandag Greenlands) geparkeer, hoewel Kitchener en sy staf in tente daar naby geslaap het. De Wet het 'n gedeelte van Kitchener se begeleidingsmag verras, en Kitchener (nog in sy slaapklere) en sy staf het net-net daarin geslaag om te ontsnap en die veiligheid van 'n nabygeleë Yeomanry-kamp te bereik.<sup>26</sup> Hoe anders kon die oorlog nie dalk verloop het indien die befaamde Britse generaal te Heilbronweg in die slag gebly het nie?

Kort nadat hy op 24 Junie 1900 sy 50ste verjaardag sonder fanfare gevier het, het Kitchener in 'n brief aan koningin Victoria (30 Junie) die korrekte gevolgtrekking gemaak dat 'n voorwaarde vir die beëindiging van die stryd was dat die Vrystaters en hul president, MT Steyn, uitgeskakel moes word.<sup>27</sup> Aan die einde van Julie/begin Augustus 1900 het die Britte inderdaad groot sukses teen die Vrystaatse magte behaal toe meer as 4 000 van hulle in die Brandwaterkom in die Oos-Vrystaat vasgekeer is en hulle oorgegee het – sonder enige weerstand, en onder omstrede omstandighede. Die groot vis, De Wet, het egter daarin geslaag om te ontsnap. Roberts het vir Kitchener in bevel geplaas van die groot aantal kolonnes wat De Wet se kommando agtervolg het (in wat as die eerste De Wet-dryfjag bekend geword het), maar die Vrystaters het daarin geslaag om te ontsnap en die veiligheid van die gebied noord van die Magaliesberg te bereik – om later na die Vrystaat / ORK terug te keer en die guerrilla-stryd voort te sit.<sup>28</sup>

Kitchener was uiteraard baie teleurgesteld en gefrustreerd dat De Wet ontsnap het, maar sy aandag is afgelei deur die verknorsing waarin 'n Britse mag, wat by Brakfontein aan die Elandsrivier in Wes-Transvaal deur die Boere onder bevel van genl. Koos de la Rey beleër is, hul bevind het. Kitchener het soontoe gehaas en daarin geslaag om die 12-dae beleg op 16 Augustus te beëindig.<sup>29</sup> Die volgende maand het Kitchener toesig gehou oor die herstel van die Delagoabaai-spoorlyn; aan die einde van September en in die loop van Oktober het hy die spoor- en ander verkeer te Komatipoort (op die grens van die destydse Portugese kolonie, Mosambiek) herorganiseer, en in November 1900 het Roberts hom op inspeksietoere na

<sup>26</sup> DA Mackenzie, *Lord Kitchener the story of his life and work* (Londen, 1916), p. 124; Arthur 1, p. 311; Ballard, pp. 116, 143; Pollock, pp. 183-184. Volgens CR de Wet, *De stryd tussen Boer en Brit* (Amsterdam, 1902), pp. 157-158, 160, het die geveg en ontsnapping van Kitchener die nag van 13-14 Junie 1900 plaasgevind.

<sup>27</sup> RA, VIC/P10/12F: Lord Kitchener – koningin Victoria, 30 Junie 1900 (brief).

<sup>28</sup> F Pretorius, *The great escape of the Boer pimpernel Christiaan de Wet – the making of a legend* (Pietermaritzburg, 2001), pp. 23-209; Amery (red.) 4, pp. 298-343, 414-433. Kyk ook RA, VIC/P12/66: Lord Kitchener – koningin Victoria, 25 Augustus 1900 (brief).

<sup>29</sup> L Wulfsohn, "Elands River: a siege which possibly changed the course of history in South Africa", *Krygshistoriese Tydskrif* 6(3), Junie 1984, pp. 106-108; Amery (red.) 4, pp. 357-361, 428-429; Trew, p. 110.

Natal en die Noordoos-ORK gestuur.<sup>30</sup> Die res van die tyd was hy by Roberts in Pretoria; en soos Roberts het hy geglo “the war is almost over”.<sup>31</sup>

#### 4. OPPERBEVELHEBBER (1): TOENEMENDE KONFLIK EN VREDESPOGINGS, DESEMBER 1900 – MAART 1901

Nadat Roberts besluit het om die pos van opperbevelhebber van die Britse Leër by die War Office (Oorlogsministerie) in Londen te aanvaar, het hy om middernag 28/29 November 1900 die bevel oor alle Britse magte in Suid-Afrika aan Kitchener oorhandig. Teen 29 November 1900, dag 415 van die oorlog, was die Boere veronderstel om reeds verslaan te gewees het en kon dit inderdaad reeds gebeur het indien Roberts daarin kon slaag om die Boereleërs ná die val van Bloemfontein weer eens op groot skaal tot slag te bring en dan behoorlik te verslaan; of indien hy die Boere se guerrilla-taktiek en -strategie doeltreffend kon teenwerk. Roberts het weliswaar by Paardeberg die Boere ’n steierhou toegedien waarvan hulle nóg fisies nóg (veral) sielkundig ooit volkome herstel het; trouens, alles in ag genome, was dit teen die einde van November 1900 reeds geruime tyd duidelik dat die Boere nie meer die stryd kon wen nie, maar dit bloot kon uitrek – maar nóg Roberts nóg Kitchener kon voorsien het dat vanaf hul bevelsruiling ’n verdere 549 dae sou verloop alvorens vrede gesluit sou word. Roberts het die republikeine se deursettingsvermoë, patriotisme en veggees onderskat – en ’n tyd lank sou Kitchener dit ook nog doen. Teen die einde van 1900 het die stryd tot ’n guerrilla-oorlog, met kenmerke van sowel ’n burgeroorlog as ’n totale oorlog, gedegeneer. Kitchener was inderdaad in ’n onbenydenswaardige posisie: die algemene opvatting in Britse militêre, politieke en burgerlike kringe was dat die stryd gewen en dus vir alle praktiese doeleindes verby was; die geneigdheid was dus om voortaan eerder minder as méér aan die oorlogspoging te bestee. Oppervlakkig gesien was die Britte boonop oënskynlik in beheer van die hele oorlogsgebied – maar gou het dit geblyk dat die Britte in die praktyk slegs in beheer was so ver as wat hul gewere en kanonne kon skiet.

Kitchener was skaars twee weke in beheer van sake (en Roberts nog ter see, op pad terug na Engeland), toe die Boere ’n groot oorwinning te Nooitgedacht, noordwes van Pretoria, behaal het (13 Desember 1900),<sup>32</sup> en die nag van 15-16 Desember het verskeie Boerekommando’s die Kaapkolonie binnegeval<sup>33</sup> – iets wat nie slegs die

<sup>30</sup> Amery (red.) 4, pp. 481, 483 en 5 (Londen, 1907), p. 27.

<sup>31</sup> RA, VIC/P14/27: Lord Kitchener – koningin Victoria, 12 Oktober 1900 (brief).

<sup>32</sup> MH Grant, *History of the war in South Africa 1899-1902* 4 (Londen, 1910), pp. 11-21; Amery (red.) 5, pp. 99-108.

<sup>33</sup> Vir meer omtrent die Boere-invalle in die Kaapkolonie, kyk bv. A de Wet *et al.*, *Die Buren in der Kapkolonie im Kriege mit England* (München, s.a.), pp. 87-95; J Meintjies, *Sword in the sand the life and death of Gideon Scheepers* (Kaapstad, 1969), p. 101 *et seq.*; N Gomm, "Commandant PH Kritzinger in the Cape, December 1900 – December 1901", *Krygshistoriese Tydskrif* 1(7), Desember 1970, pp. 30-32.



stryd geografies en andersins laat eskaleer het nie, maar met verloop van tyd veel hoofbrekens vir die Britte besorg het, rasseverhoudinge in die Kaap vertroebel het (soos wat die Britte toenemend meer swart en bruin persone teen die Boere bewapen het) en tot veel bitterheid aanleiding gegee het (soos wat rebelle gevang, gevonniss en tereggestel is, en Afrikanerfamilies verdeel is). Ten einde die oorlog suksesvol te beëindig, was dit dus gou duidelik dat Kitchener veel meer as bloot polisie- en opruimingswerk sou moes doen.

Toe Kitchener opperbevelhebber geword het, het hy ongeveer 210 000 blanke soldate in Suid-Afrika gehad, sowel as etlike duisende swart en bruin persone wat in daardie stadium nog hoofsaaklik in ’n nie-vegtende hoedanigheid aan Britse kant diens gedoen het. Teenoor hierdie gedugte Britse leër was daar nie meer as 35 000 Boere te velde nie. ’n Groot persentasie (byna 50%) van die Britse soldate was egter staties ontplooi in dorpsgarnisoene, asook in wagposte ter beskerming van die spoorlyne (waarvan die Britte vir hul logistieke toevoer afhanklik was).<sup>34</sup> Die hernieude guerilla-aktiwiteit en Boere-invalle in die Kaapkolonie het die Britse leërleiding (en regering) tot die besef gedwing dat méér troepe (lees: ook meer geld) benodig is om die oorlog te wen. Dit was asof ’n geheel nuwe oorlog uitbreek het; en vir die Britte was die stryd nou, meer as ooit tevore, nie slegs teen die Boere nie, maar – by wyse van spreke – ook teen die wye oop ruimtes van die Suid-Afrikaanse veld (waarbinne die Boere oënskynlik ongehinderd kon opereer).

“I am sorry the war shows no signs of ending”, het Kitchener aan die begin van Januarie 1901 sy lot teenoor die Britse Minister van Oorlog, mnr. William St John Brodrick, bekla.<sup>35</sup> Kitchener en Brodrick het beide feitlik wekeliks briewe gewissel<sup>36</sup> – ’n waardevolle bron van inligting vir die historikus. Ewe waardevol is die ongeveer 900 briewe wat Roberts en Kitchener aan mekaar geskryf het.<sup>37</sup> Hoewel Roberts vanaf 2 Januarie 1901 terug was in Engeland, het hy – naas sy amptelike rol as oorhoofse opperbevelhebber – ook as voormalige opperbevelhebber in Suid-Afrika en vriend van Kitchener, persoonlik betrokke gebly by die stryd in Suid-Afrika. Soms het Roberts direk vir Kitchener van raad bedien; soms het hy idees aan Brodrick deurgegee, wel wetende dat Brodrick en Kitchener ook gereeld met mekaar gekommunikeer het. Roberts het nie gehuiwer om sy opinie reguit uit te spreek nie, en deur middel van sy private briewe en amptelike telegramme het hy dus sonder enige twyfel steeds invloed op die gebeure in Suid-Afrika uitgeoefen. Roberts het Kitchener gereeld moed ingepreparaat wanneer laasgenoemde gefrustreerd geraak het; soms het hy sy opvolger ook vriendelik en diplomaties gewaarsku om

<sup>34</sup> TNA, PRO30/57/20/Y9: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 20 Desember 1900 (brief); Amery (red.) 5, pp. 67-68.

<sup>35</sup> TNA, PRO30/57/20/Y13: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 4 Januarie 1901 (brief).

<sup>36</sup> Kyk TNA, PRO30/57/20 vir Kitchener en Brodrick se briewe aan mekaar.

<sup>37</sup> Kyk die Roberts Papers (1971-01-23) by die National Army Museum (NAM, Londen) vir Kitchener se briewe aan Roberts en kopieë van Roberts se briewe aan Kitchener.

meer geduldig te wees aangesien dit tyd sou neem alvorens sy teanguerrilla-optrede positiewe resultate sou oplewer.<sup>38</sup>

Reeds in November 1900 het De Wet gepoog om die Kaapkolonie binne te val, maar ’n neerlaag te Doornkraal (naby Bothaville, 6 November) en ’n vol Oranjerivier, het hom noodsaak om om te draai en noordwaarts terug te val – onsuksesvol agtervolg deur talle Britse kolonnes (die sogenaamde tweede De Wet-dryfjag).<sup>39</sup> “De Wet is as usual everywhere”, het Kitchener sy lot teenoor Roberts bekla.<sup>40</sup> Op 10 Februarie 1901 het De Wet uiteindelik wel daarin geslaag om te Sanddrif die Oranjerivier na die Kaap oor te steek. So ernstig het Kitchener dié situasie geag, dat hy hom per trein vanaf Pretoria na De Aar gehaas het om vanaf 16 Februarie persoonlik bevel te neem oor die operasie om De Wet te vang.<sup>41</sup> Sewentien mobiele kolonnes (ongeveer 14 000 soldate) is ingespan om De Wet en sy 2 000 man te probeer vastrek. Uiteindelik was dit egter nie die Britse Leër wat De Wet se inval kortgeknip het nie, maar die Brakrivier wat in vloed was. De Wet het noodgedwonge omgedraai, sy agtervolgers gesystap en na die Vrystaat/ORK teruggekeer. Die derde of groot De Wet-dryfjag was iets van die verlede en hoewel De Wet nie sy hoofdoelwit (om die Kaapkolonie diep en vir ’n geruime tyd binne te dring) verwesenlik het nie, het sy roem gestyg, terwyl ’n gefrustreerde Kitchener verleë (en met leë hande) na Pretoria moes terugkeer – meer as ooit tevore oortuig dat die uitkakeling van De Wet die einde van die oorlog kon beteken.<sup>42</sup>

Nie alle Boere het geglo in die sinvolheid van voortgesette republikeinse weerstand nie; trouens, die vrywillige oorgawe van groot getalle burgers (die sogenaamde “hendsoppers”) was sedert Cronjé se oorgawe te Paardeberg ’n probleem wat die voortsetting van die oorlog vanuit ’n Boere-oogpunt bemoeilik het. So vroeg as 21 Desember 1900 het Kitchener ’n vergadering belê van wat hy die Burgher Peace Committee genoem het, bestaande uit “hendsoppers” wat bereid was om as vredesgesante na die kommando’s te gaan ten einde laasgenoemde te probeer oortuig dat voortgesette weerstand futiel was. Hierdie vredesposing het egter gefaal en sommige gesante is deur die Boere doodgeskiet.<sup>43a</sup>

Op 28 Februarie 1901 het Kitchener en die Transvaalse kommandant-generaal, Louis Botha, te Middelburg (Transvaal) ontmoet om oor die moontlikheid van die

<sup>38</sup> Kyk bv. NAM, 1971-01-23-122-1: Lord Roberts – lord Kitchener, 29 Junie 1901 (brief).

<sup>39</sup> NAM, 1971-01-23-33-7: Lord Kitchener – lord Roberts, 21 Desember 1900 (brief); Amery (red.) 5, pp. 1-43; *History of the war in South Africa 1899-1902* 3, pp. 469-496; WL von R Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer* (D. Litt., Universiteit van Leiden, 1978), pp. 261-319.

<sup>40</sup> NAM, 1971-01-23-33-14: Lord Kitchener – lord Roberts, 8 Februarie 1901 (brief).

<sup>41</sup> TNA, PRO30/57/22/Y23: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 16 Februarie 1901 (brief).

<sup>42</sup> Scholtz, pp. 321-370; Amery (red.) 5, pp. 131-157. Kyk ook NAM, 1971-01-23-33-12: Lord Kitchener – lord Roberts, 25 Januarie 1901 (brief).

<sup>43</sup> Kyk in die algemeen AM Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners" die rasionaal en verskynsel van verraad* (Pretoria, 1979); wat die doodskiet van JJ Morgendaal in De Wet se laer betref, kyk *ibid*, pp. 101-104 en TNA, PRO30/57/22/Y74: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 19 Julie 1901 (brief).

beëindiging van vyandelikhede te onderhandel. Kitchener (op wie se inisiatief die samesprekings plaasgevind het) was ten gunste van ’n onderhandelde skikking (nie onvoorwaardelike oorgawe nie), maar was vanselfsprekend nie bereid om die behoud van republikeinse onafhanklikheid te oorweeg nie. Kitchener se vredesvoorstelle was inderdaad baie toegieflik (insluitende amnestie aan die Kaapse rebelle) en is deur die Boere-onderhandelingspan aanvaar, maar sir Alfred (later lord) Milner (Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika), mnr. Joseph Chamberlain (Britse Koloniale Sekretaris) en ander lede van die Britse regering het die voorstelle aangepas (byvoorbeeld amnestie aan rebelle geskrap). Die nuwe voorstelle is op 16 Maart 1901 deur Botha verwerp<sup>44</sup> en die stryd is voortgesit – met groter felheid as ooit tevore. Met profetiese insig het Kitchener voorspel: “The war does not look much like ending now and we may be out here for another year.”<sup>45</sup>

## 5. OPPERBEVELHEBBER (2): DODELIK-VERWOESTENDE TEEN-GUERRILLA-MAATREËLS, MAART 1901 – APRIL 1902

Nadat die Middelburg-vredesamesprekings misluk het, het Kitchener besef dat hy op een of ander wyse ’n militêre oplossing vir die uitdagings waarvoor hy te staan gekom het, sou moes vind. Roberts het reeds begin om, as deel van ’n (legitieme) militêre strategie, die stryd na die burgerlike bevolking (wat binne die konteks van teanguerrilla-oorlogvoering as ’n legitieme militêre teiken beskou kan word) uit te brei. Kitchener sou die teanguerrilla-maatreëls intensifiseer in ’n poging om burgerlikes af te skrik of te verhoed om hulp aan die kommando’s te verleen, en die Boere te velde sielkundig te ontwrig ten einde hul wil om voort te veg, te ondermyn. Uiteindelik was hierdie maatreëls suksesvol, maar ’n dimensie van ongekende bitterheid is tot die stryd toegevoeg.

Roberts het die verskroeiende aardebeleid begin, maar Kitchener het dit meer hardvogtig en sistematies toegepas ten einde die stryd teen die wye oop ruimtes en die vinnig-bewegende republikeinse kommando’s te probeer wen. Deur die land van alles wat vir die Boere bruikbaar kon wees, te stroop, is gehoop dat hulle vermoë en wil om voort te veg, ondermyn sou word – en hierin het Kitchener met verloop van tyd inderdaad geslaag. Die gevolg was egter dat ongeveer 30 000 plaashuise (met hul buitegeboue) *sowel as* die huise van swart werkers afgebrand en/of met dinamiet opgeblaas is (’n hele geslag se kultuurskatte is in dié proses grootliks vernietig), asook meer as 40 dorpe gedeeltelik of selfs totaal vernietig is. Hierdie beleid het uiteraard tot

<sup>44</sup> SJ du Preez, *Vredesposings gedurende die Anglo-Boereoorlog tot Maart 1901* (M.A., Universiteit van Pretoria, 1977), *passim*; Amery (red.) 5, pp. 183-193; NAM 1971-01-23-33-17: Lord Kitchener – lord Roberts, 28 Februarie 1901 (brief); The Brentthurst Library (Johannesburg), Earl Kitchener Papers, MS 182/1: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 28 Februarie 1901 (brief); TNA, PRO30/57/22/Y36: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 22 Maart 1901 (brief).

<sup>45</sup> BL, MS Room, Holland House Papers, Add MS 51370: Lord Kitchener – lady Ilchester, 22 Maart 1901 (brief).

gevolg gehad dat groot getalle wit *en* swart burgerlikes dakloos gelaat is. Aanvanklik is sommige van hierdie daklooses na die Boerekommando's gestuur, wetende dat hulle nie daar behoorlik versorg kon word nie – maar só moes die moreel van die burgers, asook hul vermoë om voort te veg, ondermyn word. Weldra het die Britse militêre owerhede egter besef dat hulle op een of ander wyse verantwoordelikheid vir die versorging van die daklooses sou moes aanvaar. Die gevolg was die daarstel van 'n stelsel van interneringskampe ('n term wat verkies word bo die emosioneel-gelaaide term “konsentrasiekampe”) – wat *geen* ooreenkoms met die latere Nazi-konsentrasie- en uitwissingskampe van die Tweede Wêreldoorlog getoon het nie, maar nogtans tot groot ellende gely het. Van die ongeveer 160 000 wit en ewe veel swart burgerlikes wat een of ander tyd geïnterneer is, het ten minste 28 000 blankes (dit wil sê meer as 10% van die Afrikanerbevolking van die Transvaal en Vrystaat) en meer as 23 000 swart burgerlikes (waarskynlik baie meer) in die kampe gesterf – in die meeste gevalle weens verwaarlosing, 'n gebrek aan voldoende voedsel en skuiling, swak mediese dienste en wanadministrasie. Die Britse Leër was nie voorbereid om sulke groot getalle burgerlikes te versorg nie; maar daar was nooit sprake daarvan dat die dood van mense beplan is nie.<sup>46</sup> Die interneringskampe se doel is reeds op 21 Desember 1900 deur Kitchener uiteengesit,<sup>47</sup> en was deel van sy omvattende teenguerilla-strategie.

Ten einde die vinnig-bewegende Boerekommando's se bewegingsvryheid aan bande te lê, het Kitchener talle maatreëls getref. Eerstens het hy die getal berede Britse kolonnes van 38 (November 1900) binne enkele maande verdubbel. Om sy leër meer mobiel te hou, is uiteraard meer perde benodig – en die meeste van hulle moes ingevoer word. In totaal het die Britte 669 575 perde, muile en donkies tydens die oorlog gebruik. Van hulle het 400 346 gevrek (of is doodgeskiet) – baie keer omdat hulle nie behoorlik geakklimatiseer het nie en/of nie behoorlik gevoer

<sup>46</sup> Die beste studie in verband met burgerlikes in die algemeen en die oorlog bly steeds SB Spies, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics January 1900 – May 1902* (Kaapstad, 1977). Vir die lot van swart burgerlikes, kyk die uitstekende studie van SV Kessler, *Black concentration camps of the South African War 1899-1902* (D. Phil, Universiteit van Kaapstad, 2003). Vir interneringskampe in die algemeen, kyk bv. F Pretorius (red.), *Verkroeiende aarde* (Kaapstad, 2001); JC Otto, *Die konsentrasiekampe* (Pretoria, 2005); AWG Raath, *The British concentration camps of the Anglo-Boer War 1899-1902 reports on the camps* (Bloemfontein, 1999); AC Martin, *The concentration camps 1900-1902 facts, figures and fables* (Kaapstad, s.a.). Vir gevallestudies van spesifieke interneringskampe, kyk AWG Raath en RM Louw, *Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Bloemfontein, 1991); *Die konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Bloemfontein, 1991) en *Die konsentrasiekamp te Vredfortweg gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Bloemfontein, 1992); AWG Raath, RM Louw en D Olivier, *Die konsentrasiekamp te Bloemfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Bloemfontein, 1993); AU Wohlberg, *The Merebank concentration camp in Durban, 1901-1902* (MA, Universiteit van die Vrystaat, 2000); JJ Roodt, *Die Port Elizabethse konsentrasiekamp, 1899-1902* (MA, Universiteit van Port Elizabeth, 1990).

<sup>47</sup> Kyk Kitchener se Circular Memorandum 29 van 21 Desember 1900, soos gepubliseer in *South African Field Force. Republication of the principal circulars issued during 1900. Army Headquarters, Pretoria, January 1901* (Pretoria, 1901), p. 22 en in Amery (red.) 5, pp. 86-87.

is nie.<sup>48</sup> Tweedens het hy meer troepe aangevra en bekom. Teen Mei 1901 het hy ongeveer 240 000 soldate onder sy bevel gehad – die meeste ooit op enige gegewe stadium van die konflik.<sup>49</sup> Derdens het hy in ’n toenemende mate plaaslike swart en bruin mense in ’n gevegshoedanigheid ontplooi, onder meer in berede kolonnes. Uiteindelik het sowat 120 000 plaaslike swart en bruin persone in ’n verskeidenheid hoedanighede aan Britse kant diens gedoen. Hulle het die terrein goed geken en was dus veral nuttig as gidse. Die Boere het egter die gebruik van hierdie persone ten sterkste veroordeel en male sonder tal is swart en bruin mense wat in uniform gevang is, summier tereggestel.<sup>50</sup> Vierdens het Kitchener die blokhuisnetwerk, wat deur Roberts begin is, geweldig uitgebrei, sodat uiteindelik ongeveer 8 000 blokhuisse kruis en dwars in linies in die oorlogsgebied gebou is. Hierdie blokhuisse is deur ongeveer 60 000 wit en 25 000 swart en bruin wagt beman.<sup>51</sup> Vyfdens is groter en kleiner dryfjagte van stapel gestuur ten einde die Boere voortdurend aan die beweeg te probeer hou en uit te put, en te poog om hulle teen die blokhuislinies vas te druk en te vang. Gepantserde treine is dan ingespan om die spoorlyne te help beveilig, en Boerekommando’s wat wou deurbreek voor te keer. Al hierdie maatreëls het beslis die Boere se beweeglikheid aan bande gelê, maar diegene wat aan die Britse vangnette ontsnap en/of deur die blokhuislinies gebreek het, was gewoonlik die beste kwaliteit vegters.<sup>52</sup>

Kitchener kon nie al sy aandag aan die militêre operasies skenk nie: hy moes deurlopend die politieke situasie in Suid-Afrika sowel as in Brittanje verdiskonteer. Oorsee het die Britse regering hul hande vol gehad om die kieserspubliek te paai en stygende krygsonkoste te regverdig. Plaaslik het Milner met militêre sake ingemeng<sup>53</sup> en Kitchener hoofbrekens besorg. En dan was daar die media. Die Anglo-

<sup>48</sup> TNA, PRO30/57/22/Y108: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 29 November 1901 (brief); FJ van der Merwe, *Horses of the Anglo-Boer War / Perde van die Anglo-Boereoorlog* (Kleinmond, s.a.); H Sessions, *Two years with the remount commission* (Londen, 1903); *Proceedings of a court of enquiry held at St. Stephen's House, Westminster, S.W. on the administration of the Army Remount Department since January 1899, by order of the commander-in-chief dated 20<sup>th</sup> February 1902* (Cd. 993, Londen, 1902); *Reports by officers appointed by the commander-in-chief to inquire into the working of the Remount Department abroad* (Cd. 995, Londen, 1902); *Army remounts. Digest of evidence taken before the court of inquiry on the administration of the Army Remount Department* (Londen, 1902).

<sup>49</sup> *Army. Return of military forces in South Africa 1899-1902* (Cd. 578, Cd. 892 en Cd. 990, Londen, 1901-1902), p. 1; Amery (red.) 5, pp. 67-68, 248.

<sup>50</sup> TNA, WO32/7958: Genl. CR de Wet – lord Kitchener, 18 Maart 1901 (vertaalde kopie van brief); TNA, PRO30/57/22/Y134: Mnr. St J Brodrick – lord Kitchener, 22 Maart 1902 (brief).

<sup>51</sup> NAM, 1971-01-23-33-29: Lord Kitchener – lord Roberts, 24 Mei 1901 (brief); TNA, PRO30/57/22/Y69: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 5 Julie 1901 (brief); J Hattingh en A Wessels, *Britse fortifikasies in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)* (Bloemfontein, 1997), p. 19 *et seq.*; Amery (red.) 5, pp. 396-412.

<sup>52</sup> Public Record Office of Northern Ireland (Belfast), D/4091/A/3/2/4/2: Lord Kitchener – mnr. Schomberg MacDonnell, 9 Mei 1901 (brief); TNA, PRO30/57/22/Y85 en Y95: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 13 September 1901 (briewe).

<sup>53</sup> Kyk bv. die Bodleian Library (Oxford), Milner Papers, mikrofilm 175, ff 175-176: Lord Milner – lord Kitchener, 20 Maart 1901 (brief).

Boereoorlog was in 'n sekere sin die wêreld se eerste media-oorlog, en hoewel daar tydens die guerrilla-fase van die stryd veel minder korrespondente in die oorlogsgebied was, is gebeure steeds deurlopend gerapporteer, insluitende verwysings na die interneringskampe. Anders as Roberts, het Kitchener nie altyd goed met verslaggewers oor die weg gekom nie.<sup>54</sup> Verder het iemand soos Emily Hobhouse die lewe vir Kitchener moeilik gemaak.<sup>55</sup>

Dit was nog altyd Kitchener se ideaal om opperbevelhebber van die Britse leër in Indië te word en hoe langer die stryd in Suid-Afrika geduur het, hoe meer gefrustreerd het hy geraak. Dit is insiggewend dat daar in die honderde briewe en telegramme wat Kitchener vanuit Suid-Afrika gestuur het, etlike verwysing na Indië is,<sup>56</sup> maar min verwysings na die gebruik van swart en bruin mense, en min na die interneringskampe. Die burgerlikes na wie hy noodgedwonge moes omsien, was vir Kitchener 'n groot las, en hy het by meer as een geleentheid die wens uitgespreek dat hy van die kampe ontslae kon raak.<sup>57</sup> Wat die militêre operasies betref, was hy gefrustreerd omdat hy nie die Boere op groot skaal tot slag kon bring en die oorlog spoediger kon beëindig nie,<sup>58</sup> en hy het die ontwykende Boere as "sly and cute" beskryf.<sup>59</sup> Sy frustrasies met die situasie in die oorlogsone het oorgekook in 'n brief van 21 Junie 1901 (dus drie dae voor sy 51ste verjaardag) aan Brodrick. Daarin het hy teen die Boere / Afrikaners uitgevaar deur onder meer na hulle te verwys as "uncivilized Africander savages with only a thin white veneer" en wou hy hulle permanent uit Suid-Afrika verban.<sup>60</sup> Sy latere dreigproklamasies in dié verband, byvoorbeeld van 7 Augustus 1901, is grootliks deur die Boere geïgnoreer en as "Kitchener se papierbomme" geminag.<sup>61</sup> Kitchener het aan sowel Brodrick as Roberts gesê dat hulle hom, indien nodig, as opperbevelhebber moes vervang,<sup>62</sup> en in een stadium was daar die moontlikheid dat Roberts na Suid-Afrika sou terugkeer,<sup>63</sup>

<sup>54</sup> NAM, 1971-01-23-33-41: Lord Kitchener – lord Roberts, 9 Augustus 1901 (brief); TNA, PRO30/57/22/Y101: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 8 November 1901 (brief); J Beaumont, "The British press and censorship during the South African War 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 41, November 1999, pp. 280-288.

<sup>55</sup> TNA, PRO30/57/22/Y101: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 8 November 1901 (brief). Kyk in die algemeen R van Reenen (red.), *Emily Hobhouse Boer War letters* (Kaapstad, 1999).

<sup>56</sup> Kyk bv. TNA, PRO30/57/22/Y27 en Y31: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 28 Februarie 1901 en 15 Maart 1901 (briewe).

<sup>57</sup> TNA, PRO30/57/22/Y77: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 26 Julie 1901 (brief).

<sup>58</sup> Kyk bv. die Bodleian Library, Milner Papers, mikrofilm 175, ff 75-76: Lord Kitchener – lord Milner, 4 Julie 1901 (brief).

<sup>59</sup> BL, MS Room, Holland House Papers, Add ms 51370: Lord Kitchener – lady Ilchester, 1 Oktober 1901 (brief).

<sup>60</sup> TNA, PRO30/57/22/Y62: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 21 Junie 1901 (brief).

<sup>61</sup> *South Africa. Correspondence relating to the prolongation of hostilities in South Africa* (Cd. 732, Londen, 1901), p. 6. Dié proklamasie was gedateer 6 Augustus 1901, maar is eers die volgende dag uitgevaardig.

<sup>62</sup> TNA, PRO30/57/22/Y95: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 18 Oktober 1901 (brief); NAM, 1971-01-23-33-55: Lord Kitchener – lord Roberts, 8 November 1901 (brief).

<sup>63</sup> NAM, 1971-01-23-33-63: Lord Kitchener – lord Roberts, 13 Desember 1901 (brief).

maar Roberts en Brodrick het hom goed ingespraak en hom verseker dat hulle volle vertroue in sy leierskap het.<sup>64</sup>

Deurgaans het Kitchener in gedagte gehou dat een of ander tyd, na afloop van die stryd, Brit en Boer sou moes saamwerk in Suid-Afrika. Dit is dus insiggewend om daarop te let dat van die 435 Kaapse rebelle wat ter dood veroordeel is, Kitchener die vonnisse van 391 tot tronkstraf versag het; net 44 is dus tereggestel.<sup>65</sup> Ooreenkomstig die eeue-oue beginsel van *divide et impera* (verdeel en heers) het Kitchener met entoesiasme gebruik gemaak van die dienste van daardie “hendsoppers” wat met verloop van tyd bereid was om hul lot by dié van die Britte in te werp en téén hul voormalige mede-republikeine te veg. Uiteindelik was daar ongeveer 5 500 “Joiners”, insluitende die National Scouts (van Transvaal) en Orange River Colony Volunteers. Kitchener was tevrede met hul werk.<sup>66</sup>

Op 29 November 1901, presies ’n jaar nadat hy die opperbevelhebber in Suid-Afrika geword het, het Kitchener ’n stafhoof in die persoon van Lt.-genl. Ian Hamilton gekry; iemand wat aan die begin van die oorlog ook in Suid-Afrika was (Oktober 1899-Desember 1900). Roberts het hom uitgestuur om Kitchener se las te verlig, maar Kitchener se dominerende persoonlikheid het dit vir hom moeilik gemaak om te deleger. Hy het Hamilton eerder as oorkoepelende kolonnebevelvoerder in dryfjagte gebruik, en was in sy skik met die werk wat hy gedoen het.<sup>67</sup> Hamilton het feitlik elke week ’n redelike lang brief vanaf die oorlogsgebied aan Roberts gestuur, en dié korrespondensie werp interessante lig op die laaste paar maande van die oorlog en Kitchener se opperbevelhebberskap.<sup>68</sup>

Teen die begin van 1902 het Kitchener geleer om die Boere as krygmanne te respekteer (“What are left of the boers are really fine fellows and when they do fight they do it well”<sup>69</sup>), in besonder De Wet en Steyn, wat duidelik die inspirasie agter die Boere se voortgesette versetstryd was.<sup>70</sup> In ’n desperate poging om De Wet te verslaan, het Kitchener vanaf 5 Februarie tot 8 Mei 1902 ’n reeks van vyf sogenaamde “New Model Drives” in die Noordoos-ORK van stapel gestuur. Hoewel

<sup>64</sup> Kyk bv. TNA, PRO30/57/22/Y104: Mnr. St J Brodrick – lord Kitchener, 16 November 1901 (brief).

<sup>65</sup> TNA, PRO30/57/22/Y77: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick; JH Snyman, “Rebelle-verhoor in Kaapland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog met spesiale verwysing na die militêre howe (1899-1902)”, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 25, 1962, pp. 1-73; G Jordaan, *Hoe zij stierven mededeelingen aangaande het einde dergenen, aan wie gedurende den laatsten oorlog 1899-1902, in de Kaap-Kolonie het doodvonnis voltrokken is* (Kaapstad, 1917), *passim*; D Judd en K Surridge, *The Boer War* (Londen, 2002), pp. 232-236.

<sup>66</sup> TNA, PRO30/57/22/Y120(b): Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 17 Januarie 1902 (brief).

<sup>67</sup> TNA, PRO30/57/22/Y117(b): Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 3 Januarie 1902 (brief); WS Churchill, *Ian Hamilton's march* (Londen, 1900), *passim*; IBM Hamilton, *The happy warrior a life of General Sir Ian Hamilton G.C.B., G.C.M.G., D.S.O.* (Londen, 1966), pp. 41-46, 179-186; I Hamilton, *Listening for the drums* (Londen, 1944), pp. 130-146; Magnus, p. 180.

<sup>68</sup> Kyk LHCMA, Ian Hamilton Papers.

<sup>69</sup> NAM, 1971-01-23-33-75: Lord Kitchener – lord Roberts, 14 Februarie 1902 (brief).

<sup>70</sup> TNA, PRO30/57/22/Y125: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 7 Februarie 1902 (brief).

die Boere ongeveer 1 500 ongevallen (meestal gevangenes) gelyk het, kon De Wet en die belangrikste ander leiers nie in die pan gehak word nie.<sup>71</sup> Intussen het die guerrilla-stryd onverpoos in al die ander oorlogsektore voortgewoed, byvoorbeeld in Kaapland was dit veral genl. JC Smuts wat besonder bedrywig was,<sup>72</sup> en in die Wes-Transvaal was genl. Koos de la Rey (bygestaan deur genls. JCG Kemp en PJ Liebenberg) die krag agter die versetstryd – met gevegte wat onder meer naby Yzerspruit (25 Februarie 1902),<sup>73</sup> Tweebosch (7 Maart 1902; waar lord Methuen gevang is – iets wat Kitchener só ontstel het, dat hy vir ’n dag lank in die bed gebly het),<sup>74</sup> Boschbult (31 Maart 1902)<sup>75</sup> en Rooiwal (11 April 1902)<sup>76</sup> plaasgevind het. Maar teen dié tyd het lede van die Transvaalse en Vrystaatse regerings reeds op 9 April 1902 te Klerksdorp byengekom om oor vrede te onderhandel.

## 6. OPPERBEVELHEBBER (3): VREDESONDERHANDELINGE, APRIL – MEI 1902

Kitchener het aan die regeringsleiers van die Transvaal en Vrystaat vrygeleide gegee sodat hulle op 9-11 April 1902 te Klerksdorp kon byeenkom om te besluit of hulle die stryd wou voortsit al dan nie. Kitchener het aanvanklik nie veel van dié samesprekings verwag nie,<sup>77</sup> maar die republikeine het inderdaad besluit om – onder bepaalde voorwaardes – met die Britte oor vrede te begin onderhandel. Hierdie voorwaardes het onder meer die behoud van ’n mate van republikeinse onafhanklikheid ingesluit – iets wat summier deur Kitchener (en die Britse regering) verwerp is, toe ’n Boere-afvaardiging die opperbevelhebber op 12 April in Pretoria besoek het.<sup>78</sup> Vervolgens het 30 afgevaardigdes van elk van die republike op 15 Mei te Vereeniging vergader om oor die basis van die vredesonderhandelinge te besin,

<sup>71</sup> Amery (red.) 5, pp. 475-494, 545-556, 578-579; Grant 4, pp. 401-404, 479-480; JW Yardley, *With the Inniskilling Dragoons the record of a cavalry regiment during the Boer War, 1899-1902* (Londen, 1904), pp. 321-327, 332-333; *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8<sup>th</sup> March, 1902, relative to military operations in South Africa* (Cd. 970, Londen, 1902), pp. 6-8.

<sup>72</sup> P Burke, *The siege of O'okiep (guerrilla campaign in the Anglo-Boer War)* (Bloemfontein, 1995), *passim*; Amery (red.) 5, pp. 550-553.

<sup>73</sup> JF Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bókant" De Wet* (Rotterdam, s.a.), pp. 323-326; Grant 4, pp. 410-415; Amery (red.) 5, pp. 497-499.

<sup>74</sup> TNA, PRO30/57/22/Y131(a): Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 9 Maart 1902 (brief); Magnus, p. 185; *South Africa. Report from Lieut.-General Lord Methuen on the action that took place near Tweebosch on 7<sup>th</sup> March, 1902* (Cd. 967, Londen, 1902), *passim*; Naudé, pp. 327-336; Amery (red.) 5, pp. 501-508; Grant 4, pp. 416-421.

<sup>75</sup> Naudé, pp. 345-349; Amery (red.) 5, pp. 519-524; Grant 4, pp. 494-498.

<sup>76</sup> Naudé, pp. 352-354; Amery (red.) 5, pp. 525, 531-537; Grant 4, pp. 499-504.

<sup>77</sup> TNA, PRO30/57/22/Y136: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 30 Maart 1902 (brief).

<sup>78</sup> TNA, PRO30/57/22/Y138: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 13 April 1902 (brief).



waarna ’n vyf-man republikeinse afvaardiging met Kitchener en Milner in Pretoria onderhandel het.<sup>79</sup>

Kitchener was in ’n onbenydenswaardige posisie: as militêre bevelvoerder het hy die verskrikking van oorlog al te goed geken, en wou hy die konflik so gou as moontlik beëindig; maar hy moes ook sy politieke meesters in Londen (sowel as vir Milner, wat vanaf 1901, naas Britse Hoë Kommissaris Suid-Afrika, nou ook Goewerneur van sowel die Oranjerivierkolonie as die Transvaalkolonie was) tevrede hou. Hy en Milner het nie altyd goed oor die weg gekom nie (“Milner will be glad to get me away”<sup>80</sup>), en Kitchener het geblyk (ironies genoeg) inderdaad ’n beter onderhandelaar – en meer diplomatie – as Milner te wees.<sup>81</sup> Milner wou die Boere militêr vernietig en het onvoorwaardelike oorgawe geëis, maar Kitchener (wat geleer het om sy opponente te respekteer, en selfs goeie betrekkinge met Smuts, Botha en andere aangeknop het) wou ’n onderhandelde skikking bewerkstellig ten einde te verseker dat die Boere nie vervreem word nie, en dat daar gou na-oorlogse heropbou en samewerking bewerkstellig kon word.<sup>82</sup> Alles dui daarop dat Kitchener die samesprekings uitstekend hanteer het.<sup>83</sup> Hy was nie wraaksugtig of kleinlik nie en wou ’n vredesklikking daarstel wat sou verseker dat die Boere ook met ’n mate van eer uit die stryd sou tree.

Die middag van Saterdag 31 Mei 1902 het die Boere-afgevaardigdes te Vereeniging die finale Britse vredesvoorstelle met 54 stemme teenoor ses aanvaar. Daardie selfde aand, om 23h05, is die oorgawedokument deur Kitchener en Milner (namens die Britse regering) en verteenwoordigers van die Boererepublieke onderteken. Op 21 Junie 1902 het Kitchener en sy staf Pretoria verlaat en twee dae later (dus ’n dag voor sy 52ste verjaardag) vanuit Kaapstad terug na Engeland vertrek, waar hy op 12 Julie aangekom het. Sy helde-ontvangs te Southampton is later daardie dag opgevolg deur selfs groter eerbetonings in Londen (waar die Prins van Wallis en lord Roberts hom verwelkom het, waarna ’n oudiënse met koning Edward VII gevolg het). Kitchener het onder meer die Order of Merit ontvang, is ’n burggraaf gemaak (voortaan was hy bekend as Viscount Kitchener of Khartoum, and of the Vaal in the Colony of the Transvaal), is tot vol generaal bevorder, en die

<sup>79</sup> TNA, PRO30/57/22/Y152: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 25 Mei 1902 (brief). Wat die verloop van die onderhandeling te Klerksdorp, Vereeniging en Pretoria betref, kyk JD Kestell en DE van Velden, *De vredesonderhandelinge tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en vertegenwoordigers der Britsche regeering, welke uitliepen op den vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten* (Amsterdam, 1909); SJ du Preez, *Die vrede van Vereeniging* (D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1986).

<sup>80</sup> NAM, 1971-01-23-33-80: Lord Kitchener – lord Roberts, 8 Junie 1902 (brief).

<sup>81</sup> LHCMA, Hamilton 2/3/12: Lt.-genl. Ian Hamilton – mnr. St J Brodrick, 16 Januarie 1902 (brief).

<sup>82</sup> TNA, PRO30/57/22/Y143: Lord Kitchener – mnr. St J Brodrick, 20 April 1902 (brief).

<sup>83</sup> Kyk bv. Churchill Archives Centre (Cambridge), Churchill Papers, CHAR 1/34/58-62: Lt.-genl. Ian Hamilton – mnr. Winston Churchill, 24 Mei 1902 (brief).

Britse parlement het £50 000 (sowat R25 000 000 werd in 2009) aan hom gegee uit erkenning vir sy dienste.<sup>84</sup>

## 7. SLOTPERSPEKTIEWE

Buller en Roberts het die grondslag vir 'n uitgerekte stryd in Suid-Afrika gelê. Dít het Kitchener in 'n besonder moeilike posisie geplaas toe hy op 29 November 1900 die opperbevel by Roberts oorgeneem het en hy was (veral toe die Middelburg-vredesamesprekings ook nog misluk het) genoodsaak om die verskroeiende aardebeleid, waarmee sy voorganger begin het, uit te brei en meer hardvogtig toe te pas in 'n desperate poging om die Britte hul stryd teen die wye oop ruimtes van die uitgestrekte oorlogsgebied en die vinnig-bewegende Boerekommando's te laat wen. Indien die Boere ná hul neerlaag te Paardeberg, of na die val van hul hoofstede, of na afloop van die Middelburg-samesprekings, oorgegee het, sou hulle (en ook die swart burgerlikes) die meeste van die verwoesting wat die verskroeiende aardebeleid teweeggebring het, vrygespring het. Deur dit nie te doen nie, het hulle baie lewens en besittings opgeoffer – maar aan sogenaamde helde en martelare gewen.

Kitchener het veel meer te doene gehad as net opruimings- of polisiewerk. Uiteindelik was hy, militêr gesproke, genadeloos suksesvol in sy teanguerrilla-strategie, al het dit hom veel langer as beplan geneem om sy militêre en politieke doelwitte te bereik, en al het dit met veel frustrasies, hoë kostes en baie ongevallen gepaardgegaan – en tot veel bitterheid en trauma gelei.<sup>85</sup> Sy toenemende gebruik van swart en bruin persone het ook tot rassewrywing aanleiding gegee. Hy het egter 'n deurslaggewend-belangrike rol in die vredesonderhandelinge gespeel en verseker dat die Boere nie totaal verneder is nie; trouens, ironies genoeg het hy die grondslag gelê vir redelik goeie samewerking tussen Boer en Brit na afloop van die traumatiese en vernietigende oorlog. Maar vir die meeste Afrikaners was (en selfs is) Kitchener die verpersoonliking van alles wat verkeerd is met Britse imperialisme en word hy verkeerdelik gebrandmerk as die vader van die interneringskampe – of “moordkampe”, soos wat ook verkeerdelik na dié kampe verwys word.

Kitchener het nie die oorlog teen die Boere met 'n meesterslag soos te Omdurman teen die Derviches beëindig nie, maar hy het sy opdrag suksesvol uitgevoer; dit is, om die Boere militêr te verslaan, al was dit eerder 'n geval dat die Boere ingegee het. Maar hulle het geswig voor die volgehoue druk van Kitchener se getalsoormag, gekoppel aan die blokhuislinies en die “skoonmaak” van die platteland. Anders as

<sup>84</sup> NAM, 1996-07-14: Official programme of the home-coming of General Viscount Kitchener of Khartoum, G.C.B. July 12<sup>th</sup>, 1902; NAM, Birdwood Papers, 1967-07-19-269: Mnr. St J Brodrick – lord Kitchener, 4 Junie 1902 (telegram); Hodges, pp. 156-157; Pollock, pp. 214, 216-217; HW Nevinson, *Changes and chances* (Londen, 1923), pp. 322-323.

<sup>85</sup> Wat die oorlogstrauma en die gevolge daarvan in die loop van die twintigste eeu betref, kyk A Wessels, "Die traumatiese nalatenskap van die Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 26(2), Desember 2001, pp. 1-20.

tydens die Roberts-fase, was daar tydens die Kitchener-fase geen dramatiese opmarste of hoofstede om in te neem nie; wel meedoënlose (en meesal frustrerende) dryfjagte, hakkejag-operasies, walgooi teen Boere-aanvalle op garnisoene en konvoie, en die minder heroïese “opruiming” van die burgerlike infrastruktuur (wat deur die Boere vir militêre doeleindes gebruik is, en dus legitieme militêre teikens geword het).

\* \* \*

Kitchener het na afloop van die Anglo-Boereoorlog nie lank in Engeland gebly nie. Vanaf 28 November 1902 tot 9 September 1909 was hy opperbevelhebber van die Britse magte in Indië, maar sy ideale pos het vol frustrasies geblyk te wees. Terug in Engeland het Kitchener (nou ’n veldmaarskalk) in die Committee of Imperial Defence gedien, totdat hy op 29 September 1911 as agent en konsul-generaal in Egipte aangestel is. Toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek, was Kitchener met verlof in Brittanje en op 6 Augustus 1914 is hy as Minister van Oorlog aangestel. Hy het die grootste Britse burgerlike leërs ooit gemobiliseer (kyk byvoorbeeld die bekende werwingsplakkate met sy gesig op – “Your country needs you”) en was waarskynlik die grondlegger van die uiteindelijke Geallieerde oorwinning van November 1918; maar andersins was hy soos ’n vis uit die water en het hy met die ander lede van die oorlogskabinet oorhoops gelê. Op 5 Junie 1916 het hy aan boord van die Britse gepantserde kruiser HMS *Hampshire* vanuit die Royal Navy se basis te Scapa Flow in die Orkney-eilande op ’n diplomatieke sending na Rusland vertrek. In uifers slegte weersomstandighede het die skip dieselfde aand sowat 2,5 km vanaf Marwick Head ’n Duitse seemyn getref en binne 15 minute gesink. Van die 655 persone aan boord van die skip, het 643 gesterf, insluitende Kitchener. Sy liggaam is nooit gevind nie.<sup>86</sup>

\* \* \*

Herbert Kitchener was inderdaad ’n komplekse, enigmatiese en omstrede historiese figuur. Soos Ian Hamilton by geleentheid na hom verwys het: “Lord K. is a big genius, even if he does occasionally display the manners of a spoilt child.”<sup>87</sup> Hy was ’n werkslaaf; hy het ’n dominerende persoonlikheid gehad; hy was mateloos ambisieus, hardkoppig, selfversekerd, ernstig van geaardheid en streng; en tog het hy soms tekens van onsekerheid getoon. Soms was hy besonder spraaksaam; by ander tye stil en introspektief van geaardheid, teruggetrokke, geheimsinning en

<sup>86</sup> Arthur 2 (Londen, 1920), pp. 122-346 en 3 (Londen, 1920), pp. 1-355; Hodges, pp. 162-305; Magnus, pp. 192-360; GH Cassar, *Kitchener architect of victory* (Londen, 1977), pp. 15, 138-480; Bolland, pp. 133-310; P Simkins, *Kitchener's army the raising of the new armies 1914-1916* (Manchester, 1988), *passim*; VW Germain, *The Kitchener armies the story of a national achievement* (Londen, 1930), *passim*; D McCormick, *The mystery of Lord Kitchener's death* (Londen, 1959), *passim*; uitstalling in die Stromness Museum, Orkney-eilande, i.v.m. die sinking van HMS *Hampshire*.

<sup>87</sup> Churchill Archives Centre, Churchill Papers, CHAR 1/34/20-23: Lt.-genl. Ian Hamilton – mnr. Winston Churchill, 15 Maart 1902 (brief).

afsydig, met 'n houding van meerderwaardigheid. Hy het amptelike dinees verpes, so ook om gefotografeer te word. Hy het groot waarde aan vriendskap geheg, maar het min ware vriende gehad en het nie daarvan gehou om vreemde mense naby hom te hê nie.<sup>88</sup> Hy het van mooi dinge (objekte) gehou (soos sy groot versameling porselein, ou meubels en kunswerke), eerder as om vir mense om te gee.<sup>89</sup> Soos koning Edward VII en George V en talle vooraanstaande Britse offisiere (insluitende lord Roberts), was Kitchener 'n Vrymesselaar.<sup>90</sup> Sommige beweer dat hy 'n oortuigde en praktiserende Christen was,<sup>91</sup> terwyl ander hom as 'n vrydenker tipeer.<sup>92</sup>

Oor Kitchener se seksuele oriëntasie word baie bespiegel. Sommige beskryf hom as 'n homoseksueel,<sup>93</sup> terwyl ander dit weer ontken.<sup>94</sup> Feit van die saak is: Kitchener was 'n alleenloper, 'n skaam en selfs vereensaamde oujongkêrel, waarskynlik a-seksueel, wat verkies het om sy lewe te wy aan die uitbreiding van die Britse Ryk en om 'n roemryke militêre loopbaan te bou. Dáárvoor het hy inderdaad oor die nodige karaktereenskappe soos dryf- en daadkrag, ysere wilskrag, toewyding en (meestal) goeie oordeel beskik. Hy het egter beslis nie 'n aangename persoonlikheid gehad nie. Daarvoor was hy te koud en afsydig, kortaf, taktloos, onbedagsaam, wispelturig, humeurig en geneig om nie na goedbedoelde advies te luister nie. Dit was nie maklik om onder hom te dien nie en gevolglik was hy nie populêr by offisiere met gelyke of laer range nie. Hy het moeilik deleger en was geneig om met ondergeskiktes se werk in te meng. Gevolglik was hy gevrees, eerder as geliefd.<sup>95</sup> Maar dit het Kitchener gepas: hy was 'n soldaat wat sy pad boontoe letterlik en figuurlik oopgeveg het en wat met oorgawe in die uitbreiding van die Britse Ryk geglo het. Hy was 'n praktiese manifestasie van daardie imperialisme en het vanaf Egipte en die Soedan tot in Suid-Afrika vir die versterking van Britse imperialistiese ideale geveg – en gewen; en tydens die Eerste Wêreldoorlog het hy geveg en uiteindelik gesterf vir die behoud van die Ryk wat hy help opbou het.

Horatio Herbert Kitchener was 'n merkwaardige, dog ook omstrede, militêre bevelvoerder, administrateur en later selfs politikus. Sy blywende militêre (en deels ook administratiewe en selfs politieke) nalatenskap bestaan vandag nog in 'n mate in Egipte, die Soedan, Suid-Afrika en Indië. En dan was daar ook sy rol tydens die eerste twee jaar van die Eerste Wêreldoorlog. Sy sukses in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog het sowel direk as indirek 'n lang skaduwee oor die twintigste-eeuse geskiedenis van dié streek gegooi – iets waarvoor hy vir verskillende redes deur mense onthou word.

<sup>88</sup> Pollock, pp. 187, 191, 219; Grew *et al.*, pp. 1-15; R Esher, *The tragedy of Lord Kitchener* (Londen, 1921), p. 215.

<sup>89</sup> Esher, p. 217.

<sup>90</sup> Pollock, pp. 228-229.

<sup>91</sup> *DNB*, p. 307.

<sup>92</sup> Esher, pp. 215-216.

<sup>93</sup> FM Richardson, *Mars without Venus a study of some homosexual generals* (Edinburgh, 1981), pp. 117-126.

<sup>94</sup> Pollock, pp. 225-227.

<sup>95</sup> J Adye, *Soldiers and others I have known* (Londen, 1925), pp. 189, 191; Cassar, p. 485.